

DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 10

[CHRISTELIK KARAKTER] SKINDER EN LASTER

1. Skinder en laster.

Ontdek en bespreek. Wat sê die Bybel oor skinder en laster?

Lees	Spreuke 10:18	(wie skinderstories versprei is 'n dwaas)
	Spreuke 11:13	(Iemand wat loop en skinder lap geheime uit)
	Spreuke 16:28	(iemand wat skinder bring verwydering tussen vriende)
	Spreuke 17:9	(Wie 'n saak bly ophaal bring verwydering tussen vriende)
	Spreuke 26:20	(Sonder 'n kwaadstoker hou 'n rusie nie aan nie)
	Jakobus 3:1-12	(die tong is een wêreld van onreg en besmet de hele mens)
	1 Johannes 2:9-11	(As iemand beweer dat hy in die lig is, maar hy haat sy broer, is hy nog steeds in die duisternis)

2. Die skade.

Ontdek en bespreek. Watter skade veroorsaak skinder- en lasterpraatjies?

Lees	Spreuke 25:18	('n Knopkierie, 'n swaard, 'n skerp pyl, so is 'n man wat vals teen sy naaste getuig)
	Spreuke 26:28	('n Leuenaar haat wie hy seermaak ('n mens wat skinder haat sy slagoffer)
	Matteus 5:21-22	(Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank, want dis gelyk aan moord)

3. Die straf.

Ontdek en bespreek. Hoe sal God skinderpraatjies straf?

Lees	Spreuke 6:16-19	(Die Here haat 'n tong wat lieg, 'n getuie wat lieg en iemand wat rusie stook tussen broers)
	Spreuke 19:9	('n Vals getuie bly nie ongestraf nie; wie leuens kwytraak, gaan tot niet)
	Handelinge 5:1-11	(Ananias en Saffira het God bedrieg en dood neergeval)

4. Wysheid.

Ontdek en bespreek. Hoe word jy 'n wys mens?

Lees	Spreuke 8:7-8	('n Wys mens praat altyd die waarheid/reguit.)
	Spreuke 13:3	('n Wys mens kan sy mond hou)
	Spreuke 14:15	('n Wys mens glo nie alles wat gesê word nie)
	Spreuke 18:13	('n Wys mens luister voordat hy antwoord gee)
	Spreuke 18:17	('n Wys mens ondersoek altwee kante van 'n saak)
	Spreuke 20:19	('n Wys mens bly weg van iemand wat skinder)
	Spreuke 22:24	('n Wys mens maak niet maats met 'n opvlieënde mens nie)
	Matteus 5:37	('n Wys mens sê altyd opreg "ja" of "nee" en voeg niks daaraan toe nie)

5. Waarhede.

Lees Matteus 5:21-26 en Matteus 12:33-37.

Ontdek en bespreek. Wat is Bybelse waarhede m.b.t. die tong?

- **Die hart van 'n Christen word geopenbaar en geken aan sy woorde.**

'n Boom word aan sy vrugte geken. So word die hart van 'n mens aan sy woorde geken. Skinderpraatjies en laster wat agter iemand se rug vertel word of openlik uitgegooi word, bring aan die lig wat al altyd in die hart verborge gelê het en wat almal nou ook weet.

- **'n Christen moet in die laaste oordeel rekenskap gee van elke ligsinnige woord wat hy sê.**

- **Jesus Christus staan tussen 'n Christen en sy ander broers en sussies.**

Die roeping tot dissipelskap maak dat Jesus Christus tussen 'n Christen en sy ander broers en sussies kom staan. Hy wil nie van hulle afgeskei word nie. Elke ligsinnige woord (wat 'n mens skinder, laster of in boosheid uitspreek) maak 'n broeder of suster 'n voorwerp van veragting in die gemeente of maak dat hy/sy 'n wrok gaan koester teen die gemeente. Sulke ligsinnige woorde maak die aanbidding van die gemeente en die offers wat die gemeente bring, waardeloos en onaanvaarbaar vir God. Die christelike erediens kan nie van diensvaardigheid aan 'n broeder of suster losgekoppel word nie (vgl. 1 Johannes 2:9-11). Jesus Christus vertrou die sorg en welsyn van broeders en susters toe aan alle Christene as geheel. Die weg na ons gekruisigde broeder, Jesus Christus, loop langs die versoening met ons broeders en susters. God se genade stel ons in staat om nou versoen te word en nie later in die laaste oordeel veroordeel te word nie.